*Maandag* **12 Mei**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 17:17-24**
**Fokusgedeelte: 1 Konings 17:17-24**

**God hou lewe en dood in sy hande**

Na ’n tyd in Sarfat word die weduwee se seun siek en hy sterf. Die moeder se woorde aan Elia is verstaanbaar. Die Here het dan juis vir Elia na haar gestuur om haar en haar seun op ’n wonderbaarlike wyse in die lewe te hou. Dit lyk asof dit die Here se bedoeling is om hulle te laat lewe. Maar ook vra hierdie vrou haarself af in haar enorme verdriet en wanhoop of die doel van die Here nie moontlik anders is nie?

Elia gaan pleit in sy binnekamer vir genade. Sy gebed word deur die Here verhoor en die seun lewe weer. Die moeder bely in haar blydskap dat die Here die Almagtige God is. Hy is die houer van lewe en dood.

Hierdie vrou in die hartland van die Baälaanbidding ontdek wat die getrouheid van die God van Israel vir ’n mens beteken. Om op Baäl te vertrou, was betekenisloos. Baäl belowe voedsel, maar kan nie reën gee nie. Hy belowe lewe, maar kan dit nie gee nie, want elke afgod is magteloos. Hierdie gebeure rig ons geloofsoë op die betekenisvolste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld – Jesus se kruisdood en opstanding. Die Here doen iets wat niemand nog ooit kon doen nie – Hy oorwin die dood. Die Seun van God staan uit die graf op en oorwin sonde en die dood. En Hy gee ewige lewe aan almal wat hulle vertroue in Hom alleen plaas.

God is getrou en onmeetbaar groot. Hy is die God van die kosmos en in beheer van die droogte en reën, die kraaie, die kanne en die kruike, ook van die lewe en die dood. Ons lewe elke dag uit die genade wat ons in Jesus Christus het. Hy het inderdaad alle mag in die hemel en op die aarde. Hy is die weg, die waarheid en die lewe tot in ewigheid.

*Sing: Psalm 2-1:6*

*Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)*